No. 517 1 April 1977

## ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—CRAVEN TO MACK

**The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Victor Craven and his wife, Barbara Joy, born Roberts, residing at 596 Marine Drive, Brighton Beach, Durban, to assume the surname of Mack.**

No. 517 1 April 1977

## WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—CRAVEN IN MACK

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Victor Craven en sy vrou Barbara Joy, gebore Roberts, woonagtig te Marinerylaan 596, Brightonstrand, Durban, te magtig om die van Mack aan te neem.

# DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 477 1 April 1977

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

**By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic Machine Building, "Staatsartillerie" Stables and western portion of the Main Building, all situate at Defence Headquarters, Pretoria, to be a national monument.**

*Description*

**The historic Machine Building, "Staatsartillerie" Stables and western portion of the Main Building, all situate at Defence Headquarters, Pretoria, on Portion 228 (formerly Portion 257) of the farm Pretoria Town and Town Lands 599, situate in the District of Pretoria, Province of the Transvaal, and measuring as such seven decimal six five eight six (7,658 6) morgen.**

**Certificate of Registered Title 30957/57, dated 12/12/57.**

*Historical and architectural interest*

**The historic Machine Building, "Staatsartillerie" Stables and western portion of the Main Building were erected in the eighteen nineties by the Government of the Zuid-Afrikaansche Republiek. The buildings form an important historical and architectural element in the historic portion of Defence Headquarters and are a link with the military history of the Zuid-Afrikaansche Republiek. 10/2/451.**

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 477 1 April 1977

## VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Masjiengebou, Staatsartilleriestalle en westelike gedeelte van die Hoofgebou, almal geleë in die Verdedigingshoofkwartier, Pretoria, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Masjiengebou, Staatsartilleriestalle en westelike gedeelte van die Hoofgebou, almal geleë in die Verdedigingshoofkwartier, Pretoria, op Gedeelte 228 (voorheen Gedeelte 257) van die plaas Pretoria Dorp en Dorpsgronde, 599, geleë in die distrik Pretoria, provinsie Transvaal, en groot as sodanig sewe desimaal ses vyf agt ses (7,658 6) morg.

Sertifikaat van Geregistreerde Titel 30957/57, gedateer 12/12/57.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die historiese Masjiengebou, Staatsartilleriestalle en westelike gedeelte van die Hoofgebou is in die negentigerjare van die negentiende eeu deur die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek opgerig. Die geboue vorm 'n belangrike historiese en argitektoniese element van die historiese gedeelte van die Verdedigingshoofkwartier en is 'n skakel met die militêre geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. 10/2/451.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 518 1 April 1977

## BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned institution and person have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of their heraldic representations. Anyone wishing to object to the registration of these heraldic representations on the ground that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001:

*Applicant*.—Laerskool Haakdoorn. (H4/3/1/2450.)

*Arms*.—Azure, a thorn tree on a mount and a chief dancetty Or, the whole within a bordure Argent.

No. 518 1 April 1977

## BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde inrigting en persoon het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van hulle heraldiese voorstellings. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstellings beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker*.—Laerskool Haakdoorn. (H4/3/1/2450.)

*Wapen*.—In blou, 'n doringboom op 'n grond en 'n hoekige skildhoof, alles van goud, die geheel binne-in 'n skildsoom van silwer.

24